


**<u>AKSIEPAKKIE WEEK 5: METGESEL – "Wie nooi jy saam?"</u>**

**INLEIDING:**
- Groet en hoor hoe dit met almal gaan?
- wat het jy anders gedoen die week na laasweek se gesprek oor VERHOUDINGS en hoe ons vrug dra?

**<u>OM TE BEGIN:</u>**

Vraag:
- Dink aan 'n tyd wat jy gesien het mense is op pad na iets lekker (aksie, event, trip) en jy het gedink:
  - "Ek wens ek was ook deel daarvan"
- Wat het jou laat so voel?
- Wat het dit aantreklik gemaak?

**<u>SKRIFGEDEELTES</u>**

Lees saam:
- Matteus 5:14–16 (Lig van die wêreld)
- Matteus 28:18–20 (Groot Opdrag)
- Lukas 10:1–11

**<u>BESPREKING:</u>**

○ **Die uitnodiging**

In die preek het ons gesê:

**“Jy word nie net genooi NA die aksie nie — jy word geroep TOT aksie.”**

- Wat beteken dit prakties vir jou?
- Hoekom dink jy vergeet ons dit so maklik?

○ **Geloof is nie privaat nie**

Hoekom raak ons gemaklik daarmee om geloof:

- net vir onsself te hou?
- net Sondae te leef?

Wat is die gevaar daarvan?

○ **Aantreklikheid van jou lewe**

**Lees Matteus 5:16**

- Wat beteken dit om so te leef dat:
  - **mense jou lewe sien en God verheerlik?**

Sou jy sê jou lewe:

- trek mense aan?
- of laat dit hulle eerder wegbeweeg?

○ **Praktiese realiteit**

In die preek het ons gesê dat ons mense lok na die Jesus-aksie deur **met passie en oorgawe konstant en konsekwent te leef en vrug te dra.**

Voorbeelde soos:

- eerlik in toetse
- nugter by socials
- liefdevol in verhoudings
- vergewe en spreek vry

- Hoekom is hierdie “klein dinge” eintlik groot?
- Het jy al gesien hoe iemand se lewe jou beïnvloed het?

### ○ **Hoekom bly ons stil?**

- As ons oor iets opgewonde is, praat ons daaroor.
- Hoekom bly ons dan stil oor Jesus?
  - vrees?
  - ongemak?
  - onsekerheid? (voel nie toegerus nie)
    - Indien dit die rede is: Hoe kan ons onsself beter bemagtig?

### ○ **Lukas 10:1-11**

Wat staan vir jou uit in hierdie teks?

- *“Die oes is groot”*
- *“Gaan nou”*
- *“lammers tussen wolwe”*
- *“vrede vir hierdie huis”*

Wat leer dit jou oor:

- hoe om te gaan?
- wat om te verwag?

### **PERSOONLIKE OORDENKING:**

Laat almal stil dink:

Wie is 1–2 mense in my lewe (koshuis, klas, sport,vriendekring, wat Jesus nog nie ken nie?

Moedig hul aan om daardie name neer te gaan skryf.

### ○ **PRAKTIESE UITDAGING**

Gebruik hierdie week die **BELLS** model:

**B – Bless**

Doen iets goed vir iemand

**E – Eat**

Eet saam met iemand

**L – Listen**

Luister regtig

**L – Learn**

Spandeer tyd met Jesus

**S – Sent**

Leef doelbewus as iemand wat gestuur is

- Hoe kan ons mekaar help om dit prakties te oefen as HABITS OF HIGHLY MISSIONAL PEOPLE?

○ **Die beloning - Lees Lukas 10:19-20**

- Wat is die ware beloning wat jou moet motiveer?
- Hoe baie metgeselle het jy vir die Jesus aksie wat jy self genooi het?

Die Jesus-aksie is die Bruilof van die Lam
Hy sê: Bring soveel metgeselle as wat jy kan!

**GEBED**

Bid vir:

- spesifieke mense (by naam)
- geleenthede
- moed
- sensitiwiteit vir die Heilige Gees

**BONUS VRAAG (as daar tyd is)**

Wat is meer effektief:

- iemand wat jou probeer oortuig?
- of iemand wie se lewe jou nuuskierig maak?

**Hoekom?**

**LAASTE GEDAGTE:**

**"Die Jesus-aksie is nie 'n *private event* nie — dit is 'n uitnodiging aan die wêreld.**
**En jy is dalk die persoon wat iemand anders moet nooi."**

**SLOT:**

Seën of bid vir jou sel hierdie gebed van St Richard of Chichester:

Day by day, O Lord,
These three things I pray:
**To see Jesus more clearly,**
**to love Him more dearly,**
**To follow more nearly,**
**day by day.**